# Die belydenisuitspraak Kolossense 1:13-20: Eenheid, struktuur en funksie

**J H Roberts**
**Emeritus professor, Departement Nuwe Testament**
**Universiteit van Suid-Afrika**

**Abstract**

**The confessional statement Colossians 1:13-20: Unity, structure and function**

*Scholarly work has concentrated much effort on Colossians 1:15-20 as an early Christian hymn. In discussions with Botha (1986; 1989) and Van der Watt (1988), an attempt has been made here to prove the unity of 1:13-20 as a confessional statement, and to determine its structural coherence and progression. The letter's macro structure is utilized to pinpoint the pericope's locality in the letter since this has bearing on the function it fulfills. The analysis of its structural composition is an attempt to help clarify my position on various details and understanding of its meaning. In view of the positions taken and of a discussion of the letter's context and its communicative thrust, the function of the confessional statement is considered to be its role of grounding the community's faith in the totally sufficient salvation by God in Christ — thus opening the way for the warning against being misled on a way other than that of Christ and to hold onto him as head, which signals the communicative thrust of the letter.*

## 1. INLEIDING

Terwyl daar geweldig baie oor die lied wat in Kolossense 1:15-20 voor hande is, gepubliseer is en word, is dit nie die bedoeling om dit alles hier weer aan die orde te stel nie. Deels is dit daaraan te wyte (of eerder te danke) dat daar in vorige publikasies wyd in die literatuur gedelf is en aan die debat aandag gegee is (vgl veral Roberts 1988a, maar ook Roberts 1986a; 1986b; 1986c; 1988b; 1991). In drie Suid-Afrikaanse publikasies word verder ook breedvoerig en intensief met die literatuur omgegaan (Van der Watt 1988 & Botha 1986; 1989). Omdat ek nie voorheen in die posisie was om genoegsaam (of in die geheel nie) met hierdie outeurs in gesprek te tree nie, is dit my oogmerk om in hierdie artikel juis dit te doen. Uiteraard sal ander literatuur ook betrek moet word, sonder egter om alles en almal weer oorhoop te haal.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die probleme rondom Kolossense 1:13-20 is talryk en word in die werke van Van der Watt en Botha weerspieël. In die literatuur word meestal veral aan Kolossense 1:15-20 aandag gegee. Dat ons hier met 'n lied te doen het, word algemeen erken en dit kan as sodanig aanvaar word. Talle vrae bly egter onopgelos. Hieronder tel die vraag na wat die oorspronklike vorm van die lied was en hoe dit ingedeel sou moes word. Hoewel Botha (1986:238; 1989:63-64, vgl ook 58-60) dié saak pertinent aanspreek, lê dit nie binne die fokus van hierdie artikel om hieroor debat te voer nie. Botha (1989:57, 73-74) se vraag na die literêre funksie van die lied as deel van die Kolossensebrief is egter wel hier ter sake en van die hoogste belang. Maar die antwoord op dié vraag is afhanklik van die vraag na die plek van die lied in die verband. En dít lei onder andere na die vraag oor die verhouding van 1:15-20 tot 1:13-14. Hieroor het Van der Watt (1988:22-23, 26-28) deur sy redevoeringsanalise 'n pertinente bydrae gelewer. Sy analise is egter nie sonder hulle eie probleme nie sodat 'n gesprek daaroor aangewese is. In elk geval is hiermee die vraag na die eenheid van 1:13-14 en 1:15-20 aan die orde gestel. Om die vraag te beantwoord, sal ook die vraag na die struktuur van dié perikoop ter diskussie gestel moet word. Hierbenewens sal die waarskynlikheid gestel moet word dat die outeur hom van 'n literêre bron bedien het en dit op kunstige wyse benut het vir die bereiking van sy oogmerk met die brief. Hier trek die vrae saam oor die eenheid van die perikoop 1:13-20, die struktuur daarvan, en die funksie daarvan.

Ek sal graag die tese wil verdedig dat 'n gemotiveerde redevoeringsanalise sou kon help om die antwoorde op bepaalde vraagstukke wat hier aan die orde is, te beantwoord. Laat my, om misverstand direk uit te sluit, meteen my standpunt oor die resultate van so 'n analise duidelik maak. Natuurlik is 'n redevoeringsanalise die weergawe van die analis se verstaan van die teks en behels dit so geen positivistiese sekerhede nie (vgl Deist 1978:261-262; 1994:306-308). Terselfdertyd is dit tog ook geen bloot subjektivistiese beskrywing van die analis se onbegronde sienings nie. Juis die werk van Van der Watt (1988) bewys die waarde van beredeneerde tekstuele aanduidings. Oor die motiverings kan en sal daar verskil van opinie wees. Dit is presies in die debat oor sodanige aanduidings in die teks en die beredenering daarvan, dat groter sekerheid gewin mag word — sonder om dit prys te gee dat die uiteindelike analise die resultaat is van die analis se lees van die teks.

Om saam te vat: Dit sal uit die bespreking ondertoe blyk dat daar bepaalde elemente in die gesprek soos voor hande in Van der Watt en Botha is wat aandag verdien. Dit is die bedoeling om hierdie elemente uit te wys en ter diskussie te stel. In die geval van Van der Watt kan die argumentasie rondom die eenheid van Kolossense 1:13-20 versterk en uitgebrei word, en moet sy struktuuranalise van die perikoop aan kritiek



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

blootgestel word. In die geval van Botha moet die vraag na die funksie van die perikoop in die lig van die voorafgaande bevindings ten opsigte van die perikoop se eenheid herbedink word. Hierby sal ook die aspekte van die spesifiek Pauliniese briefvorm en die spesiale konteks van Kolossense in berekening gebring moet word. Om die gesprek te vergemaklik word my eie analise van die perikoopstruktuur asook die makrostruktuur van Kolossense as deel van die beredenering aangebied. Die resultaat van die gevoerde diskussies mond uit in die poging om die funksie van hierdie perikoop te formuleer. In die slotgedeelte word die resultate van die ondersoek oorsigtelik saamgevat.

## 2. BOTHA OOR DIE LIED IN KOLOSSENSE 1:15-20

Botha (1986) bewerk 'n stylanalise van Kolossense 1:15-20. Hy verwys na die groot konsensus onder navorsers dat die verse poëties van aard is en 'n lied verteenwoordig wat hier deur die skrywer van die brief benut word. Die lied sou strofies ingedeel wees, maar oor die presiese rangskikking van die strofes bestaan daar heelwat vrae. In plaas van hierop in te gaan, wil Botha die styl ontleed van die verse soos dit in die finale redaksie voor hande is om die funksies van die stilistiese verskynsels te probeer peil (1986:238-239). Om dit te bewerkstellig, bied hy 'n gemotiveerde afperking van die lied in twee-en-twintig nukleêre strukture aan soos hieronder weergegee (1986:239-242):

| | | |
|---|---|---|
| 15 | 1 | *ὅς ἐστιν εἰκὼν* |
| | 2 | *τοῦ θεοῦ τοῦ ἀοράτου* |
| | 3 | *πρωτότοκος πάσης κτίσεως* |
| 16 | 4 | *ὅτι ἐν αὐτῷ ἐκτίσθη τὰ πάντα* |
| | | *ἐν τοῖς οὐρανοῖς* |
| | | *καὶ ἐπὶ τῆς γῆς* |
| | | 5 *τὰ ὁρατὰ* |
| | | 6 *καὶ τὰ ἀόρατα* |
| | | 7 *εἴτε θρόνοι* |
| | | 8 *εἴτε κυριότητες* |
| | | 9 *εἴτε ἀρχαὶ* |
| | | 10 *εἴτε ἐξουσίαι* |
| | 11 | *τὰ πάντα δι' αὐτοῦ καὶ εἰς αὐτὸν ἔκτισται* |
| 17 | 12 | *καὶ αὐτός ἐστιν πρὸ πάντων* |
| | 13 | *καὶ τὰ πάντα ἐν αὐτῷ συνέστηκεν* |



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

18 14 *καὶ αὐτός ἐστιν ἡ κεφαλὴ τοῦ σώματος τῆς ἐκκλησίας*
15 *ὅς ἐστιν ἀρχή*
16 *πρωτότοκος ἐκ τῶν νεκρῶν*
17 *ἵνα γένηται ἐν πᾶσιν αὐτὸς πρωτεύων*
19 18 *ὅτι ἐν αὐτῷ εὐδόκησεν πᾶν τὸ πλήρωμα κατοικῆσαι*
20 19 *καὶ δι' αὐτοῦ ἀποκαταλλάξαι τὰ πάντα εἰς αὐτόν*
20 *εἰρηνοποιήσας*
21 *διὰ τοῦ αἵματος*
22 *τοῦ σταυροῦ αὐτοῦ* [*δι' αὐτοῦ*]
19b *εἴτε τὰ ἐπὶ τῆς γῆς*
19c *εἴτε τὰ ἐν τοῖς οὐρανοῖς*

Op die basis van die bogaande bespreek Botha dan die progressie en die kohesie van die lied op die makrovlak van die retoriese struktuur (1986:242-245), en volg dit op met 'n bespreking van die stylelemente self op die mikrovlak van die retoriese struktuur (245-248).

Hoewel daar navorsers is wat die lied op so 'n manier in twee strofes verdeel dat die eerste oor die skepping handel (1-13 in sy nukleêre struktuur hierbo), en die tweede oor die kerk (14-22), is Botha (1986:248-249) van mening dat die stylfigure in die teks daarop dui dat ons met 'n tweedeling te doen het wat items 1-14 saambind en handel oor die skepping, asook items 15-22 wat handel oor die herskepping. Ter motivering geld eerstens dat items 12-13 chiasties nou verbind is, terwyl items 11-14 weer 'n parallelisme vorm. Hy konkludeer:

> The obvious demarcation of items 1-14 and 15-22 as two separate units is further motivated by the anaphora in items 1 and 15 ... (*ὅς* — JHR), the repetition of the same syntactical structure in both units ... (vgl items 1 en 15, 3 en 16, 4 en 18, en 14 en 19 — JHR) and the diaphora in items 3 and 16 ... (die verskillende inhoude van *πρωτότοκος*: rang teenoor kronologie — JHR).
>
> (Botha 1986:249)

Dit is uiteraard nie moontlik om item vir item op die uiters gedetailleerde en hoogs tegniese analise van Botha in te gaan nie. In die algemeen kan sy bevinding (1986:249) beaam word dat die analise die himniese aard van die betrokke verse bevestig. Sy heel algemene bevinding ten opsigte van die funksie van hierdie poëtiese gedeelte kan ook



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

erken word — afhangende van wat presies daaronder verstaan word. Hierdie aspekte is dat poëtiese taal die tema beklemtoon, dat dit die teks hoër estetiese waarde verleen, dat dit help om uiting te gee aan verhoudings en insigte wat eerder aangevoel as verduidelik kan word, dat dit 'n hoë emotiewe impak op die leser het, asook dat sy poëtiese aard hierdie himne aandui 'as a passage having some supernatural basis and implication'.

Die uiteensetting lewer egter bepaalde probleme op waaraan nie verbygegaan kan word nie. In die eerste plek kan die parallelisme in items 11-14 nie as deurslaggewend beskou word nie. Dit gaan om die opeenvolging van die werkwoorde *ἔκτισται* — *ἐστιν* en *συνέστηκεν* — *ἐστιν*. Botha (1986:241,243) verstaan dat *συνέστηκεν* die betekenis 'saamhang', 'hold together' verteenwoordig. Die segging kommunikeer die gedagte dat die heelal, alle bestaande, 'n harmonieuse samehang vertoon (vgl Louw & Nida 1988:614; Bratcher & Nida 1977:2: 'There is order and harmony in all creation; it is a universe, not a chaos, and Christ is the unifying force'). Dit is duidelik skeppingsterminologie wat inpas by die gedeelte (hier items 3-13) en die siening daarvan dat die Seun van God Skeppingsmiddelaar is. Die probleem is egter dat Botha (1986:243) van opvatting is: 'Item 13 is the effect of item 14, the cause: the fact that everything *holds together* in him is the effect of his recreation, the cause of that'. Enersyds, al word dit ook in hoeveel kommentare so gestel, is dit 'n logiese sprong om ten opsigte van die stelling oor Christus en die kerk te konkludeer tot die gedagte van rekreasie. En sou die versoeningsterminologie hiervoor aangewend word, verswak dit juis die argument oor die twee strofes soos deur Botha uiteengesit. Maar die geldigheid van so 'n interpretasie sou juis bevraagteken moet word. Andersyds kan die bepaalde interpretasie nie met die betekenis 'hold together' vir *συνέστηκεν* saamgaan nie. As die bedoeling was om (soos Barkhuizen 1985:106 vertaal) *συνέστηκεν* te neem in die sin van 'bly standhou' (vgl Arndt & Gingrich sv:3; 'continue, endure, exist' waaronder Kol 1:17 vermeld word), kan daar saam met die gedagte van rekreasie vir die interpretasie voorsiening gemaak word dat item 13 dui op die onderhouding van die geskapene. En dit is presies wat Botha (1989:65, 75-76, 78: 'En alle dinge hou in hom stand') in sy tweede bydrae oor hierdie teks doen — 'n aangeleentheid wat na my mening op 'n verwarring en 'n deurmekaar haal van diverse verklarings dui. Hiermee verval na my mening die basis van die argument dat items 11-14 as parallelisme byeen hoort.

Laat ons dan tweedens kyk na die wyse waarop Botha (1986:243) die relasies tussen die nukleêre strukture in die dieptestruktuur ontleed. Soos hierbo ten opsigte van 'n redevoeringsanalise betoog is, geld dit uiteraard eweseer van enige dieptestruktuuranalise dat dit die weergawe van die outeur se verstaan van die teks verteenwoordig. Omdat ek die teks anders verstaan as Botha, open dit die ruimte vir 'n ander sien-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ing van die verhouding tussen die nukleêre eenhede. 'n Mens sou kon sê dat my probleme met Botha se siening van die verhoudings te doen het met enersyds die sake wat in die vorige paragraaf te berde gebring is, en andersyds met die hele vraagstuk van wat met die lied gebeur het toe ons huidige outeur dit vir sy eie doeleindes in die raamwerk van sy brief geïnkorporeer het. Oor hierdie laaste aspek dan nou 'n paar gedagtes.

Dit is sekerlik moontlik dat die lied in sy oorspronklike vorm twee strofes kon beslaan het met die eerste wat gehandel het oor die skepping, maar sonder dat ons sou kon weet waaroor die tweede gehandel het as ons die sogenoemde Christelike byvoegings buite rekening laat. Die skeiding tussen die twee strofes kon goedskiks tussen items 14 en 15 gelê het. Item 14 kon bes moontlik nou verbind gewees het met item 13 en nog met die skepping te doen gehad het indien *τῆς ἐκκλησίας* nie deel daarvan uitgemaak het nie. Van al hierdie dinge het ons geen wete nie. Maar soos die verse op die oomblik in die teks van Kolossense staan, het ons waarskynlik te doen met 'n verwerkte teks. Dit is 'n teks waarin item 14 duidelik gemerk is as handelend oor die verhouding van die Seun van God teenoor die kerk, wat sy liggaam is, en waarin die wil van God uitgedruk word as die maak van vrede, die bewerking van versoening tussen hemel en aarde deur die stort van die Seun se bloed as 'n offer aan die kruis. By al die tekens van poëtiese segging, is dit 'n teks wat daarvan getuig dat sy outeur/bewerker nie meer in strofes geïnteresserd was nie, nie meer in die poësie om wille van die poësie nie, maar slegs in die kommunikasie wat hy kon bewerk. Die vraag is wat hierdie kommunikasie was.

Die antwoord hierop kan eers gebied word as die volgende afdelings van hierdie artikel afgehandel is. Intussen sou ons egter moet terugkeer na die dieptestruktuuranalise en die verhouding tussen die ter sake items, om aan te dui wat my verstaan van die gedeelte behels. Weer eens is dit nie moontlik om op al die verhoudings in te gaan nie. Ek dui alleen dié aan wat die progressie in die liedgedeelte aandui.

Botha meen, soos hierbo aangedui is, dat item 13 die effek van item 14 is. Soos die teks voor ons lê, en in die lig van die bogaande beredenering, beteken dit: omdat die Seun hoof is van die kerk vir wie Hy versoening bewerk het, moet Hy gereken word as die Een in wie die skepping sy samehang vind, dit is, dat Hy die integrasiepunt is vir die ordelike samehang wat in die skepping bestaan. Maar dit gaan nie op nie. Elders (Roberts 1988a:93-94) het ek aangetoon dat Kolossense 1:15-20 drie verhoudings kommunikeer: Die Seun se verhouding tot God, sy verhouding tot die skepping en sy verhouding tot die kerk. Inhoudelik meen ek steeds dat dit die geval is. In terme van die progressie in die gedeelte sou dit egter ietwat anders gestel moet word. Daar moet egter onthou word dat 1:13-14 vir die volledige beskrywing van die progressie van die belydenisuitspraak onontbeerlik is. Dit sal tot later moet wag. Hoe lê die verhoudings dan wanneer dit in terme van Botha se nukleêre strukture besien word?



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Oor die nou verband tussen items 3-13 stem ek saam. Maar wat gebeur in hierdie eenheid? Dit beskryf die status van die Seun teenoor die skepping: Hy is in rang bo alle geskapene verhewe omdat alles in Hom, deur Hom en vir Hom geskape is. In rang bo alles verhewe, vind die ordelike skepping in Hom sy integrasiepunt, vorm dit 'n geordende geheel omdat Hy dit in harmonie laat saamwerk. Item 13 is die effek van item 12. Met item 14 betree 'n nuwe verhouding die veld: die verhouding van die Seun tot die kerk. Item 14 en wat daarop volg, staan dus teenoor items 3-13 in 'n additief verskillende relasie.

Voorstelle van hierdie aard, suggereer Botha (1986:249; 1989:65), word gedruk deur die vorm van die himne self, met name die herhaling van die ὅς ἐστιν-frase en die gepaardgaande herhalende konstruksie. Hierteenoor moet vasgehou word aan wat hierbo gesê is oor die outeur se gebruik van die himne as onderdeel van sy brief. Verder moet onthou word dat ὅς in items 1 en 15 nie as relatief funksioneer nie, maar, soos ook in 1:13, as sinoniem van αὐτός. As vormelemente moet nie net die twee ὅς ἐστιν-frases en die ὅς-frase in 1:13, in berekening gebring word nie, maar ook die αὐτός ἐστιν-frases in items 12 en 14.

Dit wat betref die verhouding tussen items 3-13 en 14-22. Maar hoe pas hierdie twee eenhede in by items 1-2? Dit is dieselfde vraag as om te vra: hoe verloop die progressie in terme van die drie verhoudings waarna vroeër verwys is as die verhouding van die Seun tot God, tot die skepping, en tot die kerk. Botha (1986:243-244) formuleer dit so: 'Items 1-2 and 3-14 are generic-specific: *depicts — create/hold together* .... Items 1-14 are generic with items 15-22 specific: *depicting through creation and holding together* is generic with *first rising from death* and everything in connection with that (= recreate) specific'. Hierteenoor lei my verstaan van die gedeelte tot die volgende: Items 1-2 is generies: Hy is beeld van God. Items 3-13 en 14-22 is beide spesifiek. Hoe is Hy beeld van God? Items 3-13 verbesonder dit in terme van sy verhouding tot die skepping. Items 14-22 voeg 'n tweede saak hierby (additief verskillend teenoor 3-13): dit verbesonder die generiese uitspraak oor die beeld van God in terme van sy verhouding tot die kerk.

Ondertoe sal ons die antwoord moet bied op wat die verhouding van Kolossense 1:15-20 is teenoor 1:13-14. Dan sal ons ook moet terugkeer na Botha se beskrywing van die funksies van die himne binne die briefverband van Kolossense.

## 3. DIE MAKROSTRUKTUUR VAN KOLOSSENSE

Aangesien hierdie bydrae wil konsentreer op Kolossense 1:13-20 en daarvan ook 'n redevoeringsanalise wil aanbied, sal dit ons uiteraard te ver neem om hier 'n volledig gemotiveerde weergawe van die makrostruktuur te bied. Dit sal tot 'n ander geleent-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

heid moet wag. Die analise wat volg gee my verstaan van die brief en die verloop van die argument in die brief kortliks weer. Dit is gebaseer op 'n redevoeringsanalise van die teks. Hoewel dit nie wesenlik afwyk van 'n vorige weergawe nie (vgl Roberts 1991:307-310), is dit wat hier aangebied word, na my mening 'n presieser uiteensetting van die verloop van die brief.

| | |
|---|---|
| 1. Aanhef: Afsender(s) en seëngroet | (1:1-2) |
| 2. Danksegging | (1:3-8) |
| 3. Voorbidding | (1:9-12) |
| *Oorgangsparagrawe* | |
| 4. Belydenisuitspraak | (1:13-20) |
| 5. Betekenis van die belydenis vir die lesers | (1:21-23) |
| 6. Persoonlike ontboeseming: bemoediging en waarskuwing | (1:24-2:5) |
| *Briefkorpus* | |
| 7. Waarskuwing teen bedreiging van buite | (2:6-3:4) |
| 8. Oproep tot die nuwe lewenswandel | (3:5-11) |
| 9. Vermanings oor onderlinge gedrag in gemeentelike verband | (3:12-17) |
| 10. Vermanings oor onderlinge gedrag in huislike verband | (3:18-4:1) |
| 11. Laaste vermanings oor gebed en 'n lewenswandel wat na buite gerig is | (4:2-6) |
| 12. Briefslot | (4:7-18) |



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die bostaande skema kan soos volg verduidelik word: Perikope 1 en 12 omraam die geheel en stempel die geskrif as 'n brief (vgl ook Van der Watt 1988:109). Op tipies Pauliniese manier word die brief gekenmerk deur 'n aantal inleidende gedeeltes. Hierdie gedeeltes bevat, op verskillende maniere gestruktureer, sekere oorgangstegnieke wat enersyds dien as leidrade met die oog op die saak of sake wat in die brief gekommunikeer gaan word, en wat andersyds belangrike voorwerk is vir die 'argument' van die brief (vgl Roberts 1986a:197-199; Roberts 1988a:95-96). Afgesien van bepaalde tegnieke, geskied hierdie voorbereidingswerk normaalweg deurlopend in die inleidende paragrawe — in hierdie geval perikope 2-6. Perikope 2 en 3 is nouer aan mekaar gebind as met perikope 4-6 wat weer op hulle beurt nouer skakel. Die eerste twee het met aspekte van gebed te doen; die laaste drie is oorgangsparagrawe. Van hierdie drie is ons aandag toegespits op die belydenisuitspraak (perikoop 4). Die vermanings wat volg op die waarskuwing teen verleiding (perikoop 7) is uitvloeisels uit dié wentelpuntparagraaf wat gevolglik op perikope 8-11 as groep bind.

Vir ons is ten opsigte van die bogaande die afbakening van perikoop 4 ter sake. Die beredenering daarvan word oorgelaat vir die volgende afdeling, die redevoeringsanalise van die perikoop.

In die lig daarvan dat die analise van die makrostruktuur bepalend is vir die plek wat perikoop 4 in die brief inneem, en dit weer op sy beurt belangrik is om die funksie van die perikoop te beskryf, moet ons hier wel probeer om die progressie in die brief kortliks weer te gee. Op die rol van perikope 1 en 12 is reeds gewys. Die danke in perikoop 2 vir die lesers se geloof en liefde, dui op die outeur se aanvaarding dat hulle geloofsgenote is en bevestig vir hulle hulle unieke posisie teenoor die ander mense rondom hulle. Vir hulle stryd met die ander en die waarskuwing in dié verband in perikoop 7, is dit van besondere belang omdat dit die grond waarop hulle staan, seker stel.

Die voorbidding vir die lesers as nuwe Christene in perikoop 3, versterk die geloofsband tussen skrywer en lesers en dui deur die inhoud van die gebede, op die lesers se gebrekkige kennis (wat later in die korpus van die brief reg gestel word), hulle behoefte aan geestelike groei, asook op die stryd met die teenstanders waarvoor hulle volharding sal moet openbaar.

Die belydenisuitspraak in perikoop 4 bied al die grondliggende kennis vir die stryd aan en gee aan die lesers groot sekerheid oor die posisie van Christus as Redder — juis die saak waaroor daar by sommiges twyfel begin ontstaan het. Hierdie punt word deur perikoop 5 verder tuisgebring: hulle versoening en vernuwing staan vas — maar dan moet hulle vas bly staan in die evangelie en nie daarvan weg beweeg nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Perikoop 6 spreek Paulus se blydskap uit oor die feit dat hy vir hulle onthalwe as dienaar van die evangelie ly. Hy wil hê hulle moet hieroor geen onsekerheid hê nie. Hiermee word twee dinge bereik. Enersyds word die verhouding tussen die skrywer wat gaan waarsku en die gemeente wat gewaarsku gaan word, versterk. Andersyds word die grond voorberei vir 'n voorlopige waarskuwing daaroor dat hulle nie verlei sou word nie, en word die pad finaal blootgelê vir die waarskuwing wat in perikoop 7 volg en die kommunikatiewe speerpunt van die brief bevat, naamlik om daarteen te waak dat hulle nie weggevoer word na 'n pad wat nie dié van Christus is nie (vgl Roberts 1991:316-317). Dit is 'n waarskuwing teen verleiding deur 'n leier en sy groep Joodse mistici wat hooghartig teenoor die geloof van die gemeente volhou dat 'n redding deur Christus nie aanvaarbaar is nie, dat die waarheid by hulle is wat op mistieke wyse kon ingaan in die hemele en die diens kon meemaak wat die engele voor God verrig. Met hierdie soort ding moet die lesers hulle nie ophou nie want hulle het saam met Christus gesterwe en opgestaan. Saam met Christus wag die toekomstige heerlikheid op hulle.

Die res van die brief se verloop staan nie heeltemal los van hierdie enkele hoofsaak waaroor dit handel nie, maar hoef vir ons doel nie verder hier bespreek te word nie (vgl intussen Roberts 1997:74-88).

## 4. REDEVOERINGSANALISE VAN KOLOSSENSE 1:13-20

In my analise van Kolossense vorm 1:13-20 perikoop 4. Dit word hieronder weergegee. Die afkorting 'p' word hieronder gebruik vir perikoop, 'k' vir kolon/kola en 'km' vir komma/kommata. Kola word met 'n syfer aangedui en kommata as onderdele van kola met 'n letter.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## BELYDENISUITSPRAAK: GOD HET ONS HEIL IN DIE SEUN BEWERK P4k1-km12f (1:13-20)

13 1 ὅς ἐρρύσατο ἡμᾶς ἐκ τῆς ἐξουσίας τοῦ σκότους
2 καὶ μετέστησεν εἰς τὴν βασιλείαν τοῦ υἱοῦ τῆς ἀγάπης αὐτοῦ
14 3 ἐν ᾧ ἔχομεν τὴν ἀπολύτρωσιν τὴν ἄφεσιν τῶν ἁμαρτιῶν

15 4 ὅς ἐστιν εἰκὼν τοῦ θεοῦ τοῦ ἀοράτου
5a πρωτότοκος πάσης κτίσεως
16 5b ὅτι ἐν αὐτῷ ἐκτίσθη τὰ πάντα
5c ἐν τοῖς οὐρανοῖς
5d καὶ ἐπὶ τῆς γῆς
5e τὰ ὁρατὰ
5f καὶ τὰ ἀόρατα
5g εἴτε θρόνοι
5h εἴτε κυριότητες
5i εἴτε ἀρχαὶ
5j εἴτε ἐξουσίαι
6 τὰ πάντα δι' αὐτοῦ καὶ εἰς αὐτὸν ἔκτισται
17 7 καὶ αὐτός ἐστιν πρὸ πάντων
8 καὶ τὰ πάντα ἐν αὐτῷ συνέστηκεν
18 9 καὶ αὐτός ἐστιν ἡ κεφαλὴ τοῦ σώματος τῆς ἐκκλησίας
10 ὅς ἐστιν ἀρχή
11a πρωτότοκος ἐκ τῶν νεκρῶν
11b ἵνα γένηται ἐν πᾶσιν αὐτὸς πρωτεύων
19 12a ὅτι ἐν αὐτῷ εὐδόκησεν
12b πᾶν τὸ πλήρωμα κατοικῆσαι
20 12c καὶ δι' αὐτοῦ ἀποκαταλλάξαι τὰ πάντα εἰς αὐτόν
12d εἰρηνοποιήσας διὰ τοῦ αἵματος τοῦ σταυροῦ αὐτοῦ
12e [δι' αὐτοῦ] εἴτε τὰ ἐπὶ τῆς γῆς
12f εἴτε τὰ ἐν τοῖς οὐρανοῖς

A B1 B2 B3 C

### 4.1 Afbakening van die perikoop

Daar bestaan heelwat verskil van opinie oor die stofverdeling ten opsigte van hierdie gedeelte en die omliggende verse. Daar is diegene wat 'n noue verband lê tussen 1:3-23 omdat hulle die hele gedeelte as die danksegging van die brief beskou, terwyl daar tog aan die uniekheid van 1:15-20 binne die geheel vasgehou word (vgl Botha 1989:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

66). Ander meen dat die danksegging 1:3-14 omvat en dat daar 'n besliste breuk tussen verse 14 en 15 gesien moet word. Nog ander pleit vir 'n eenheid tussen 1:12-15. Van der Watt (1988:4, 22-35) wys op die binding tussen 1:13-23 wat hy in drie afsonderlike perikope verdeel op so 'n manier dat 13-14 en 21-23 as ringskomposisie die lied in 15-20 omring (1988:34). Om die vrae in hierdie verband op te los, sal ons moet vra na die verhouding tussen 1:11 en 1:12; die verhouding tussen 1:12 en 1:13-14; die verhouding tussen 1:14 en 1:15-20; asook dié tussen 1:20 en 1:21-23. Vergelyk in hierdie verband ook die beredenering en bevinding in punt 3 hierbo.

Dit is belangrik om raak te sien dat 1:3-8 as danksegging en 1:9-12 as voorbiddingsgedeelte wel nou byeenhoort, maar as twee verskillende elemente in die Pauliniese briewe funksioneer (vgl Roberts 1986a:191; 1986c:29-30). Hoofstuk 1:12 vorm die afsluiting van die gebedsgedeelte al kom die woord *εὐχαριστοῦντες* daarin voor. Dit is eenvoudig deel van die gebed vir die lesers dat hulle versterk sal word en aldus met blydskap sal bly volhard in 'n lewenswandel wat getuig van dankbaarheid teenoor die Vader. Die sinsnede het niks meer te doen met Paulus se eie danksegging nie. Op dieselfde manier is dit duidelik dat verse 13-14 niks meer te doen het met Paulus se gebed vir die lesers nie. Inhoudelik bevat hierdie verse kennelik belydenisstof. Formeel maak dit deel uit van 'n tipiese Pauliniese oorgangstegniek wat in meerdere van sy briewe aangetref word en wat as 'n belydenisuitspraak aangedui kan word (vgl Roberts 1986a:193, 197-199; 1988a:passim). Hierdie feit versterk van die argumente wat Van der Watt (1988:22-23) aanvoer vir die begin van 'n nuwe perikoop by 1:13: die verandering van objek (*ὑμᾶς — ἡμᾶς*); die feit dat *ὅς* hier nie optree as relatief nie, maar ekwivalent is aan *αὐτός* (vgl Du Toit 1977:7-8); die parallelle opbou van die twee kola in vers 13. Hierby moet gevoeg word die verandering van subjek: nie meer Paulus nie, maar God, die Vader, wat aan die einde van die vorige perikoop wel tot die aksie toetree maar dan as die bevoordeelde wat nader gedefiniëer word as dader.

Wat 1:15 betref as die ingang van 'n nuwe eenheid, is daar so 'n groot oorstemming dat dit nie verder gedebatteer hoef te word nie (vgl Van der Watt 1988:22). Die vraag is alleen of ons hier met die begin van 'n nuwe perikoop te doen het, of met nuwe kolongroepe binne dieselfde perikoop. In hierdie verband word die voorkoms van die ingangsvorm *ὅς* (dus weer eens nie as relatief gebruik nie) as tipiese ingang van 'n lied of belydenis as argument gebruik om die selfstandigheid van die perikoop te beslis. As argument vir 'n oorspronklik onafhanklike himne of iets dergeliks, het die argument natuurlik gelding. Tog sou dieselfde argument nie ten opsigte van die *ὅς* in 1:18 kon geld nie, al lei dit daar ook 'n nuwe kolon in. Waar die lied hier egter in die raamwerk van die belydenisuitspraak in 1:13-14 ingetrek word en, met waarskynlik 'n aantal wysigings, aangehaal word, kan 'n mens nie anders as om dit as part en deel van die belydenisuitspraak te lees nie. In dié geval vorm dit dan een of meer kolongroepe binne die belydenisuitspraak. Die poëtiese taalgebruik van 1:15-20 moet geen ver-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

hindering bied vir hierdie siening nie omdat die aanhaling van 'n poëtiese gedeelte binne 'n stuk prosa uiteraard altyd tot die vermenging van vorme sal aanleiding gee, sonder dat die aangehaalde gedeelte noodwendig vanweë sy vorm 'n selfstandige eenheid uitmaak.

By die argumente waarom 1:21-23 as afsonderlike perikoop opgeneem moet word (vgl Van der Watt 1988:22: die aktante verander en die verlossing word spesifiek op die Kolossense betrek), kan hier op die volgende gewys word. In die geval van Efesiërs, die susterbrief van Kolossense, word die belydenisuitspraak (1:22-23) gevolg deur drie perikope wat die betekenis wat die belydenis vir die lesers het, nader verduidelik (2:1-10; 11-18; 19-22). Dieselfde gebeur in Kolossense behalwe dat hier slegs een perikoop voorkom wat die betekenis van die belydenisuitspraak vir die Kolossense verduidelik. Bowendien verander die poëtiese aard van die taalgebruik hier en keer die skrywer weer terug na die normale prosastyl.

In die lig van die bogaande argumentasie moet ons konklusie dus wees dat Kolossense 1:13-20 'n selfstandige perikoop binne die raamwerk van die brief uitmaak. Dit pas in by die inleidende deel van die brief waar dit as een van die oorgangsparagrawe funksioneer wat aanduidings bevat van die brief se hoofsaak en die lesers daarop voorberei. As belydenisuitspraak bied dit die grond van waaruit die latere waarskuwing aangehoor en beoordeel sou moet word. Hiermee is die vraag na die eenheid van die perikoop nog nie finaal afgehandel nie: die verhouding van die kleiner eenhede binne die perikoop moet nog beskryf word. Voordat daar egter hieroor uitsluitsel gegee kan word, moet daar eers duidelikheid kom oor sekere kola waaroor daar verskil van mening bestaan.

### 4.2 Motivering van enkele kola

Die struktuuruiteensetting hierbo verskil ten opsigte van kolonverdeling op enkele punte van dié voor hande in Van der Watt (1988). Dit raak die kola in 1:13-14 en dié in 1:19-20. In die struktuuruiteensetting hierbo is dit kola 1-3 en kolon 12. Hierdie gevalle moet nader gemotiveer word.

Van der Watt (1988:23) lees 1:13-14 as een kolon met *καὶ μετέστησεν εἰς τὴν βασιλείαν τοῦ υἱοῦ τῆς ἀγάπης αὐτοῦ* as 'n inbedding by *ὅς* en *ἐν ᾧ ἔχομεν...* as inbedding by *υἱοῦ*. Maar as *καὶ μετέστησεν* 'n inbedding by *ὅς* is, bevestig dit juis dat ons hier met 'n tweede kolon te doen het. Dit is 'n reduksievorm waar die *ὅς* nie herhaal is nie maar veronderstel word. Ook die *ἡμᾶς* word veronderstel. Dit is 'n volledige kolon waarvan die struktuur (NP+ VP met inbedding) dieselfde is as die vorige. En as *ἐν ᾧ ἔχομεν τὴν ἀπολύτρωσιν τὴν ἄφεσιν τῶν ἁμαρτιῶν* 'n inbedding by *υἱοῦ* sou moet wees, beteken dit dat dit 'n nadere definisie gee van die Seun. Dit sou dan die vraag beantwoord: watter Seun van God? — dié een in wie ons die verlossing het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Dit is egter kennelik nie die bedoeling nie. Die uiting gee nuwe inligting: dit gaan nie oor die Seun nie maar oor die 'ons' en die heilservaring van daardie 'ons'. Soos in die geval van *ὅς* = *αὐτός* in 1:13, moet die *ἐν ᾧ* hier gelees word as *ἐν αὐτῷ*. Dit is 'n volledige selfstandige kolon (NP+VP met sy eie inbeddings).

Wat 1:19-20 betref, is dit moontlik om, soos Van der Watt (1988:24) doen, die uiting as redegewende inbedding by (*ὅς ἐστιν*) *πρωτότοκος* te lees. Persoonlik verkies ek om die *ὅτι* in *ὅτι ἐν αὐτῷ εὐδόκησεν* in die meer algemeen motiverende sin op te neem waarin *γάρ* dikwels by Paulus voorkom. In sulke gevalle lei *γάρ* 'n selfstandige kolon in (vgl hieroor weer Du Toit 1977:7). Voorbeelde van *ὅτι* wat dieselfde funksie vervul is nie so volop nie, maar kom in Paulus voor in byvoorbeeld Galasiërs 3:11 (2x), 13; 4:6; 6:8 (vgl Pelser et al 1992); Efesiërs 2:12; 6:12; Kolossense 2:9. Op die oog af kan dit voorkom of dit 'n sinvolle uiting is as die teks sou sê dat God se welbehae die oorsaak daarvan is dat die Seun *πρωτότοκος* is. Maar God se welbehae omvat twee elemente: die inwoning van die ganse volheid in die Seun, en die versoening van alle dinge met God. So geformuleer is die oorsaaklike verband met die spesifieke segging *πρωτότοκος ἐκ τῶν νεκρῶν* moeilik waar te maak. Die saak staan egter anders as 1:19-20 as selfstandige kolon gelees word wat ter motivering dien van die voorafgaande kolongroepe, soos in die volgende paragraaf betoog sal word.

### 4.3 Die kolongroeperings in 1:13-20

Hierbo is daarop gewys dat Van der Watt (1988:22) van mening is dat 1:13-14, 1:15-20 en 1:21-23 drie selfstandige perikope uitmaak. Hy meen ook dat hulle verdeling probleemloos is. Dié siening is veral gebaseer op die eiesoortige karakter van 1:15-20. Hy is van oordeel (1988:34) dat die drie perikope 'n perikoopring vorm waarin 1:13-14 en 1:21-23 'n ringskomposisie uitmaak, terwyl 1:15-20 die status en funksie van Christus as beeld van God beskryf. Met die meeste van wat hy betoog, kan saamgegaan word, al verskil ek van hom ten opsigte van die onderdele van sy analise. Die vraag bly egter of die verband tussen 1:13-14 en 1:15-20 nie sodanig is dat ons hier met een perikoop met verskeie kolongroepe te doen het, eerder as met twee perikope nie. In die beredenering hieronder gaan ek hoofsaaklik verwys na die kola- en kommaverdeling soos in die skema onder 4.

Die volgende is hier van belang: (1) Deur kortweg na 1:15-20 te verwys as handelend oor die status en funksie van Christus as beeld van God, kan die indruk gewek word dat, terwyl 1:13-14 en 1:21-23 veral handel oor die redding deur God en deur Christus, 1:15-20 hierdie aspek buite rekening laat. Dit is egter allermins die geval. In die beskrywing van die Seun se verhouding tot die kerk (k9-11) gaan dit juis om die heil wat die kerk deelagtig is omdat dit (die kerk) uit die Seun wat die bron is, voortgevloei het. Die heilsgedagtes word in k12 voortgesit. Hiermee is daar 'n bepaalde



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

noue band tussen k1-3 en k9-12 aangedui. Hierby is dit (2) belangrik om raak te sien dat 'n dergelike band tussen k1-3 en k5-8 bestaan. In k2 word daar na die *βασιλείαν τοῦ υἱοῦ* verwys. Hy is koning oor sy ryksgebied. Hierdie gedagte is presies dit wat in k5-8 op die voorgrond staan wanneer daar na die verhouding van die Seun tot die skepping in terme van sy rangorde bo alle dinge gewys word. Nie net omdat Hy Skeppingsmiddelaar is, staan Hy in rangorde bo alles nie, maar ook omdat alle dinge *εἰς αὐτὸν ἔκτισται*, dit is: geskape vir Hom om as Koning daaroor te heers. Hierby kom 'n derde oorweging. (3) Die verbondenheid aan die Seun wat Koning is, bring vir die belyers die belewenis van bevryding en vergifnis (k3). Die *ἐν ᾧ* waarmee die verbondenheid aan die Seun bely word, is juis dit wat in die *ὅς* van k4 opgetel word. En hiermee is die oorgang bewerk van k1-2, en die daarby aansluitende k3, wat handel oor die heil wat God, die Vader (vgl 1:12), vir die belyers bewerk het, na die status van die Seun as die Een in verbondenheid aan wie dit bewerk is en in wie se koninkryk die belyers oorgeplaas is. Die status van die Seun kom ter sprake om aan te dui waarom die belyers in verbondenheid aan Hom die heil ervaar, en dus ook waarom God, die Vader, dié heil deur sy Seun hulle deel kon maak. Wie en wat die Seun is, is juis in die konteks van die brief die saak wat aan die twyfelende gelowiges moes seker stel dat die Vader inderdaad in Hom die heil volledig tot stand gebring het sodat daar niks meer hoef by te kom nie. En hiermee is die motivering gebied vir die aanhaling van hierdie lied om dit in te trek in die belydenis van God se heil in sy geliefde Seun.

Hiermee is die band tussen k1-3 en k4-12 as so nou aangedui dat dit na my mening nie anders kan as om dit as een enkele, samehangende perikoop te hanteer nie. Binne hierdie perikoop kan daar ook nie twyfel bestaan oor die enger verbondenheid van k1-3 as kolongroep (A) nie. Die groep handel oor die bewerking van die heil deur God vir die belyers, asook die effek daarvan: hulle belewenis van die heil in verbondenheid aan sy Seun. Dit laat die vraag na die onderlinge verhouding van k4-12 asook die verhouding tussen hierdie kola en kolongroep A.

Oor k12 het ons reeds gesê dat dit 'n breër motivering behels van die voorafgaande. Dit sal nader aangedui moet word, maar laat ons intussen die aandag toespits op k4-11. Hierbo, onder punt 2, is aangedui dat die generiese stelling in k4 verbesonder word in terme van die verhouding tot die skepping (in k5-8), en die verhouding tot die kerk (in k9-11). Dit beteken dat k4-11 'n kolongroep verteenwoordig (B) met drie onderverdelings:- Die stelling in k4 dat die Seun die Beeld van God is, vorm onderdeel B/1 wat nader verduidelik word in B/2 (k5-8: dat die Seun Beeld van God is, word sigbaar in sy verhouding tot die skepping waarvan Hy Skeppingsmiddelaar is), en in B/3 (k9-11: dat hy Beeld van God is, word ook duidelik in sy verhouding tot die kerk waarvan Hy Heilsmiddelaar is). In die lig hiervan moet k12, kolongroep C, nou aangedui word as motivering van die visie dat die Seun Beeld van God is. Dit beantwoord die vraag: hoe kan dit wees dat die Seun dié hoë status het waardeur Hy as



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

beeld van God beide Skeppingsmiddelaar en Heilsmiddelaar kan wees? Die antwoord is eenvoudig: omdat dit is hoe God dit wou hê; dit was sy welbehae.

Ten slotte moet die verhouding tussen kolongroepe B en C aan die een kant, en kolongroep A aan die ander, nou nog belig word. Waar kolongroep A 'n sekerstelling is van die bewerking van die heil deur die Vader in sy Seun, asook die effek daarvan as belewenis deur die belyers in hulle verbondenheid aan die Seun, belig kolongroepe B en C die redes wat hierdie heilsbewerking en heilsbelewenis moontlik gemaak het: die verhewenheid van die Seun se status gebaseer op die wil van die Vader.

### 4.4 Die gedagteprogressie van die perikoop

In die lig van die bogaande kan die progressie in die perikoop soos volg beskryf word:

1:13-14 (k1-3): Die kolongroep handel oor die heil wat God vir sy mense bewerk het deur sy Seun. Vers 13 (k1-2) sê dat God, wat in 1:12 aangedui is as die Vader, sy mense ('ons') gered het uit die mag van die duisternis en hulle oorgebring het in die koninkryk van sy Seun. Vers 14 beskryf die effek hiervan op dié mense as ervaarders van die heil op grond van hulle verbondenheid aan die Seun.

1:15-20 (k4-12): Die kolongroepe handel oor die status van dié Seun waardeur verbondenheid aan Hom die heil van sy lede verseker. Vers 15a (k4) stel in generiese terme dat die Seun die beeld van God is.

Verse 15b-17 (k5-8) bevat as verbesondering 'n beskrywing van die status van die Seun teenoor die skepping. Hy is Skeppingsmiddelaar (km5b-j) en die Een wat oor die ganse skepping heers as Koning (k6). Hy is daarom in status verhewe bo alle dinge, in feite, bo elke mag wat op status sou kon aanspraak maak (km5a, 7). Dit maak Hom die sentrale figuur in die ganse heelal wat sy kosmiese, sy geordende, harmonieuse, samehang vind in Hom as integrasiepunt (k8).

Vers 18 (k9-11) beskryf die Seun se status as beeld van God in terme van sy verhouding tot die kerk wat sy liggaam is. Hy is Hoof van die kerk (k9). Kolon 10 maak seker dat die vorige stelling nie net verstaan sal word in terme van sy heerskappy oor die kerk nie. Was dit só sou daar nie 'n verskil bestaan het tussen die Seun se verhouding tot die heelal en die kerk nie. Maar dié verhouding lê dieper: Hy is ook die bron waaruit die kerk voortgekom het. Funksioneel beteken dit dat die kerk se bestaan onlosmaaklik verbonde is aan die Seun se opwekking uit die dood (km 11a). Representatief beteken die kerk se verbondenheid aan die Seun (k3) dat hulle, die lede van sy liggaam, aan die bron ontspring het deur saam met Hom die opstanding uit die dood deelagtig te wees (vgl 2:20-3:4). Ook hierdie verhouding laat duidelik sien dat die Seun in alle opsigte in status verhewe is bo elke instansie wat op status sou kon aanspraak maak (km11b).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Verse 19-20 (k12): Die belydenis oor die Seun se hoë status dien, soos reeds gesê, as motivering daarvoor dat verbondenheid aan Hom vir die mense van God die belewenis van God se heil beteken. Maar die belydenis oor sy hoë status lei tot verdere motivering: die hoë dinge wat oor die Seun bely is, is te danke aan God se wil en begeerte (km12a — *pace* Botha 1986:241). Ten opsigte van sy Seun wou die Vader twee dinge: Hy wou volledig in die Seun teenwoordig wees (km12b), en Hy wou deur die Seun se kruisdood die hemelse en aardse bedelings met mekaar in vrede versoen, in feite, versoening tussen Hom en die mense (km12c-f). Hierdie wilsbesluit van die Vader is die rede waarom die status van die Seun so onbetwisbaar hoog is. En dít op sy beurt is die rede waarom die mense van God in verbondenheid aan die Seun die heil wat die Vader bewerk het, deelagtig kan wees.

## 5. DIE FUNKSIE VAN KOLOSSENSE 1:13-20

Botha (1989:66) is van mening dat my benadering tot hierdie gedeelte as oorgangstegniek wel van belang is, maar dat die insigte wat bekom is, eksplisiet begrond moet word op 'die beginsels en teorie van die antieke epistolografie ... en die antieke retoriek ...'. In hierdie opsig lewer hy dan ook 'n belangrike bydrae. (My eie werk oor hierdie aspekte is voor hande in onder andere Roberts 1992:2-4, 20-21, 31-32, 42, 46-47, 86.) In die algemeen wys Botha (1989:67-68) in hierdie verband op aspekte soos die bevordering van vriendskap, die daarstelling van die skrywer as teenwoordig by die ontvanger, die voer van 'n gesprek wat lei tot onderlinge gemeenskap, en, vanuit die benadering van die brief onder die gesigspunt van epideiktiese retoriek, die herbevestiging van waardes en opvattings wat spreker en lesers/hoorders in gemeen het, en wat ook weer die onderlinge bande versterk. Dit lei hom (1989:69-70) tot 'n epistolêre analise van die brief. Hy stel hom (1989:69-72) op die standpunt (waarmee ek duidelik blykens die voorafgaande nie kan saamgaan nie) dat die danksegging van Kolossense hoofstuk 1:3-23 beslaan, en kom op grond hiervan tot die konklusie (1989:73-74) dat die himne as onderdeel daarvan die volgende funksies omvat:- 1) Formeel en inhoudelik werk dit didakties — formeel deur die leer van die inhoud wat in poëtiese vorm makliker geskied, en inhoudelik deur die verduideliking van die Seun se status. 2) In veral formele opsig werk dit paraneties deur 'n voorbeeld te verskaf van die sing van God se eer as wyse om aan Hom dank te bewys.

Behalwe vir sy direkte koppeling van die himne aan die formele dankseggingsgedeelte, vind ek hierdie insigte verrykend en waardevol. Drie punte moet egter gemaak word. 1) Die feit dat ons hier met 'n lied te doen het wat in 'n belydenisuitspraak ingetrek is en self propvol belydenisinhoude is, moet vir sy epistolêre funksie as van deurslaggewende betekenis geag word. 2) Die eiesoortige ontwikkeling van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Pauliniese briefvorm is van so 'n aard dat dit die gesprek oor die funksie van onderdele daarvan behoort te oorheers, eerder as die algemener antieke epistolêre en retoriese beginsels — sonder egter om laasgenoemdes buite rekening te laat. 3) In die bevinding van Botha word daar, ondanks die feit dat die woord *inhoudelik* in die diskussie val, en miskien juis omrede van die eerste twee punte hierbo, in werklikheid heel weinig oor die spesifieke funksie van die belydenisuitspraak in Kolossense gesê. 'n Mens hoef maar die vraag te vra: Wat maak hierdie perikoop op hierdie plek in die brief, watter bydrae lewer dit tot die kommunikasie wat die skrywer wou bewerk?, om te besef dat dit heel weinig help om te bevind dat dit didakties en paraneties werk! Die vraag is juis: Hoe werk dit didakties en paraneties? Om dié vraag te kan beantwoord, is dit nodig om te weet wat die brief wou kommunikeer en hoe die outeur te werk gegaan het om dit te bewerk. En om hieroor sinvol te kan besin, is dit op sy beurt nodig om uitsluitsel te kry oor die konteks van die brief, met ander woorde, om die situasie te verstaan waarop die brief reageer en om in die lig daarvan te bepaal wat die kommunikatiewe speerpunt van die brief is.

### 5.1 Die konteks en kommunikatiewe speerpunt van die brief

Hierdie aangeleenthede word nie hier beredeneer nie aangesien daar elders uitvoerig hieraan aandag gegee is (Roberts 1991; vgl ook Roberts 1988b; Sumney 1993; Dunn 1995). My bevinding was dat die gemeente bedreig is deur 'n groep Joodse mistici wat nie deel van die gemeente uitgemaak het nie en hulle teen die gemeente se missionêre Christusverkondiging verset het deur hulle te beroem op hulle mistieke hemelvaart en hulle belewing van die hemelse erediens van die engele rondom die troon van God. Die gemeente sou nie hulle heil van 'n gekruisigde Messias moet verwag nie, maar eerder inskakel by hierdie groep, hulle belewenisse en hulle wetsonderhouding as Jode. Hierdie reaksie sou by sommiges in die gemeente verwarring en onsekerheid gebring het en hulle laat wonder het of hulle heil wel in Christus verseker was — of hulle nie iets meer nodig gehad het nie. Toe berigte hieroor Paulus bereik, rig hy sy brief aan hulle met as kommunikatiewe speerpunt die boodskap: Bly by Christus die Hoof omdat God in Hom die heil volkome en genoegsaam bewerk het.

In die lig hiervan kan daar nou sinvol probeer word om die funksie vas te stel wat die belydenisuitspraak in die brief vervul. (Vir 'n totaal ander lees van die situasie wat tot ander resultate lei en 'n afsonderlike behandeling verdien, vgl Vergeer 1993, 1994, 1995; en Vergeer en Van Rensburg 1994; kyk ook Fossum 1989).

### 5.2 Die funksie van Kolossense 1:13-20 as belydenisuitspraak

Uit die behandeling van Kolossense se makrostruktuur hierbo, het dit kon blyk dat die briefliggaam eenvoudig bestaan uit die een perikoop (7) wat as wentelpunt dien en die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

daaraan gehegte vermanings (perikope 8-11). Die saak wat die brief bo alles aan die orde wou stel, was die waarskuwing om te waak dat die lesers nie weggevoer word van die pad van Christus nie, dat hulle dus aan Hom moes bly vashou. Anders as sommige ander Pauliniese briewe is daar hier dus geen sprake van 'n tweedeling in 'n teologiese uiteensetting gevolg deur 'n paranetiese gedeelte nie. Die briefliggaam begin eenvoudig met 'n vermaning in die vorm van 'n waarskuwing en heg daaraan vermanings in die meer gebruiklike vorm. Maar dit beteken dat die inleidende danksegging en voorbidding asook die drie oorgangsparagrawe in hierdie brief nog groter gewig dra in hulle betekenis om die lesers vir die saak van die brief voor te berei en om leidrade te voorsien vir sake wat later aan die orde sal kom. Dit is in die lig hiervan dat ons nou moet probeer om die funksie van die belydenisuitspraak te formuleer.

Laat ons begin deur Botha (1989) toe te gee wat sy bevinding oor die paranetiese funksie betref alhoewel hy hom beperk tot die liedgedeelte, want sy bevinding sou met geldigheid uitgebrei kan word na die driedelig gestruktureerde en maklik memoriseerbare aanvang van die belydenisuitspraak (1:13-14). Hoe staan dit met wat hy noem die didaktiese funksie wanneer ons dit ook uitbrei na die hele belydenisuitspraak?

In die algemeen kan 'n mens sê dat dit tipies is van belydenisse dat hulle 'n kort samevatting bied van leerinhoude. As sodanig kan hulle funksie liturgies van aard wees, maar ook — en dit selfs wanneer hulle liturgies funksioneer — om te onderrig, dit wil sê: 'n didaktiese funksie vervul. Binne die voer van 'n argument kan so 'n stuk belydenis egter ook 'n begrondende funksie vervul. En dit is presies die unieke funksie van die belydenisuitspraak in Kolossense. Sonder om te ontken dat dit ook paranetiese, liturgiese en didaktiese funksionaliteit vertoon, is die spesifieke rede waarom hierdie belydenisuitspraak in hierdie vorm en op hierdie plek in die brief verskyn, die skrywer se behoefte aan 'n met die lesers gedeelde, en normatiewe begronding vir sy argument, naamlik die waarskuwing teen verleiding en vir die vashou aan Christus die Hoof.

Hoe werk dit? Vir mense wat begin twyfel of die boodskap van redding in Christus genoegsaam is en wat later in die brief hieroor gewaarsku gaan word, is die belydenisuitspraak as begronding van die Christelike geloof van ongemene belang. Die drieledige heilsuitspraak enersyds en die daarby ingebedde lied oor die status van Christus, wat waarskynlik nie aan hulle onbekend was nie, bied juis in die verwarde situasie van die Kolossense aan die twyfelendes die sekerheid wat nodig was om positief te reageer op die komende waarskuwing. Dit is sekerheid enersyds oor die genoegsaamheid van die heil wat die Vader in die kruis en opstanding van die Seun bewerk het. Dit is sekerheid andersyds oor die hoë status van Christus, die Seun, wat in die skepping so hoog staan dat Hy met geen engele, of watter mag ook al, vergelykbaar is nie, en wat in die kerk vir die gelowiges die bron van die opstanding en die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

lewe verteenwoordig, en as Hoof die regeerder is wat hulle heilsverhouding met God seker stel en teen alle magte in die heelal totaal voldoende kan versorg en beskerm. Dit sê kortweg: in die Seun het hulle alles wat vir hulle heil nodig is. Hulle is gered. Hulle is uit die duisternis oorgebring in die lig van die Seun se heerskappy. In verbondenheid aan Hom beleef hulle die bevryding wat vergifnis van sondes meebring. Kortom, hulle is mense wat bely en kan weet dat hulle met God versoen is. Hiermee verkry die begrondende funksie van die belydenisuitspraak meteen ook 'n sterk oorredende kwaliteit. Waarom sou hulle kon begin twyfel of dit wat hulle het, genoeg is? Waarom sou hulle onder die bedreiging gaan staan om van Christus af verlei te word na 'n ander weg toe? Waarom sou hulle enigiets anders doen as om vas te hou aan Hom as die Hoof by wie hulle heil verseker is?

## 6. SLOT

Die oorwegings wat in hierdie artikel na vore gebring is, maak dit waarskynlik dat 1:15-20 'n vroeg-Christelike lied was wat met sekere wysigings deur die outeur ingetrek is in die belydenisuitspraak in 1:13-14 en so daarvan deel geword het. Die analise van die struktuur van die gedeelte lei tot die aanvaarding van die eenheid van 1:13-20 as 'n afsonderlike perikoop. Binne die makrostruktuur van Kolossense en in die lig van die waarskynlike konteks waarin dit geskryf is, vervul hierdie perikoop, afgesien van die meer algemene funksies op die gemeenskapstigtende, didaktiese en paranetiese vlakke wat deur Botha aangedui is (vgl die bespreking onder punt 5), bo alles 'n begrondende funksie wat sterk oorredend werk ten opsigte van die later volgende waarskuwing teen verleiding wat die hoofsaak van die brief, die rede vir die skryf daarvan, verteenwoordig.

* Hiermee geagte Jubilaris, Kollega en Vriend: Hartlik gegroet. *ἡ χάρις μετὰ σοῦ.*

## Literatuurverwysings


Arndt, W F & Gingrich, F W 1957. *Greek-English Lexicon of the New Testament and other Early Christian literature.* Cambridge: Cambridge University Press.

Barkhuizen, J H 1985. *Carmen Christianum: 'n Inleiding tot die Grieks-Christelike himnografie van die eerste ses eeue.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Botha, J 1986. A stylistic analysis of the Christ hymn (Colossians 1:15-20), in Petzer, J H & Hartin, P J (eds), *A South African perspective on the New Testament: Essays by South African New Testament Scholars presented to Bruce Manning Metzger during his visit to South Africa in 1985*, 238-251. Leiden: Brill.

——— 1989. Die Kolossense-himne (Kol 1 :15-20), in Barkhuizen, J H (red), *Hymni Christiani*, 54-82. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (HTS Suppl 1.)




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Bratcher, R G & Nida, E A 1977. *A translator's handbook on Paul's letters to the Colossians and to Philemon*. Stuttgart: United Bible Societies.

Deist, F E 1978. Ope vrae aan die diskoersanalise. *NGTT* 19, 260-271.

——— 1994. *Ervaring, rede en metode in Skrifuitleg: 'n Wetenskapshistoriese ondersoek na Skrifuitleg in die Nederduits Gereformeerde Kerk 1840-1990.* Pretoria: RGN.

Du Toit, H C 1977. What is a colon? *Neotestamentica 11, Addendum: Discourse analysis of the Greek text of Matthew 1-13*, 1-10.

Dunn, J D G 1995. The Colossian philosophy: A confident Jewish apologia. *Biblica* 76, 153-181.

Fossum, J 1989. Colossians 1.15-18a in the light of Jewish mysticism and gnosticism. *NTS* 35, 183-201.

Louw, J P & Nida, E A (eds) 1988. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains, Vol 1: Introduction and domains.* New York: United Bible Societies.

Pelser, G M M et al 1992. *Discourse Analysis of Galatians (Addendum to Neotestamentica 26(2)).*

Roberts, J H 1986a. Transitional techniques to the letter body in the corpus Paulinum, in Petzer, J H & Hartin, P J (eds), *A South African perspective on the New Testament: Essays by South African New Testament scholars presented to Bruce Manning Metzger during his visit to South Africa in 1985*, 185-201. Leiden: Brill.

——— 1986b. Pauline transitions to the letter body. *BEThL* 73, 93-99.

——— 1986c. The eschatological transitions to the Pauline letter body. *Neotestamentica* 20, 29-35.

——— 1988a. Belydenisuitsprake as Pauliniese briefoorgange. *HTS* 44, 81-97.

——— 1988b. Die bedreiging van die gemeente in Kolosse. *HTS* 44, 812-828.

——— 1991. Bly by Christus die hoof: Die Christologiese fundering van heilsbelewenis en lewenspraktyk, in Roberts, J H, Vorster, W S, Vorster, J N & Van der Watt, J G (reds), *Teologie in Konteks*, 294-320. Halfway House: Orion.

——— 1992. *Die brief aan Filemon*. Kaapstad: Lux Verbi.

——— 1997. *Verlos en vry*. Halfway House: Orion.

Sumney, J 1993. Those who "pass judgment": The identity of the opponents in Colossians. *Biblica* 74, 366-388.

Van der Watt, J G 1988. *Christus is julle hoop: Die brief aan die Kolossense: 'n Semantiese redevoeringsanalise*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Vergeer, W C 1993. Die kontekstualiseringstrategie in Kolossense 2:17. MTh-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Vergeer, W C 1994. ΣΚΙΑ and ΣΩΜΑ: The strategy of contextualisation in Colossians 2:17: A contribution to the quest for a legitimate contextual theology today. *Neotestamentica* 28, 379-393.

——— 1995. Die dwaalleer in Kolosse (2): Die boodskap van die Kolossensebrief. *In die Skriflig* 29, 413-442.

Vergeer, W C & Van Rensburg, F J 1994. Die dwaalleer in Kolosse: 'n Konstruksie van die waarskynlike sosio-historiese en filosofiese konteks. *In die Skriflig* 28, 1-23.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services